

GEDRAGSKODE



Ons leef ons waardes

OMGEE • SPANWERK WÊRELDWYD • DEURLOPENDE VERBETERING



*Ons handhaaf die
hoogste etiese standaarde*

'N BOODSKAP VAN ONS VOORSITTER, PRESIDENT EN UITVOERENDE HOOF

Etiese leierskap was nog nooit belangriker nie. Die waardes van ons maatskappy is omgee, spanwerk wêreldwyd en deurlopende verbetering. Daarbenewens is ons maatskappy se reputasie vir integriteit en hoë etiese standaarde 'n bron van krag en 'n mededingende voordeel. Ons reputasie is van die hoogste belang vir Colgate-mense, vir ons verbruikers en klante, vir ons beleggers en vir ons sakevennote.

Ons gedragskode het ons sedert die bekendstelling daarvan byna 30 jaar gelede gelei met 'n stel beginsels wat Colgate se waardes en die gevestigde standaarde wat ons etiese optrede lei, weerspieël. Die kode word gereeld nagegaan, bygewerk en heruitgereik om te verseker dat dit relevant bly. As 'n wêreldmaatskappy in die ware sin van die woord wat in talle lande oor die hele wêreld sake doen, moet ons almal verseker dat ons optrede en besluite aan ons ideale en waardes voldoen wat in ons gedragskode vervat is.

Elkeen van ons neem elke dag besluite wat moontlik persoonlike, finansiële, gemeenskapsverwante of etiese implikasies kan hê. Dit is belangrik dat u, as 'n lid van die Colgate-familie, ons gedragskode lees, dit verstaan en ten volle nakom. Dit sal verseker dat ons besluite gelei word deur ons persoonlike verantwoordelikheid om met integriteit en die hoogste etiese standaarde op te tree.

Dit word van Colgate-mense verwag om deurlopend etiese gedrag te toon in wat hulle sê en doen. Daaronder tel "om uit te praat" om optrede te bevraagteken wat in stryd is met ons kode, ander Colgate-beleidstukke of toepaslike wetgewing.

Colgate-mense is baie trots op ons sakeresultate. Resultate is belangrik, maar so ook die manier waarop ons daardie resultate behaal. Dankie by voorbaat vir u volgehoue verbintenis tot ons gedeelde waardes en u etiese leierskap, wat onontbeerlik is vir ons volgehoue sakesukses.



Ian Cook

Voorsitter, president en uitvoerende hoof

ONS LEEF ONS WAARDES

Deur ons Colgate-waardes uit te leef, naamlik omgee, spanwerk wêreldwyd en deurlopende verbetering, skep ons 'n kultuur waarin mense as 'n span optree en saam werk aan gemeenskaplike doelwitte. Colgate se drie grondwaardes vorm deel van alles wat ons doen.

OMGEE

Die maatskappy gee om vir mense: Colgate-mense, klante, aandeelhouers, verbruikers, verskaffers en sakevennote. Colgate is daartoe verbind om in alle situasies met meegevoel, integriteit, eerlikheid en 'n hoë standaard van etiek op te tree, om met respek na ander mense te luister en verskille op prys te stel. Die maatskappy is ook daartoe verbind om die omgewing wêreldwyd te beskerm, om die gemeenskappe waar Colgate-mense woon en werk te verbeter, en om alle regeringswette en regulasies na te kom.

SPANWERK WÊRELDWYD

Alle Colgate-mense is deel van 'n wêreldwye span wat daartoe verbind is om oor die hele wêreld oor landsgrense heen saam te werk. Die maatskappy kan slegs winsgewende groei behaal en volhou as ons ons idees, tegnologieë en talente deel.

DEURLOPENDE VERBETERING

Colgate is daartoe verbind om elke dag as individue en as spanne te verbeter in alles wat hulle doen. Colgate sal die beste word deur verbruikers en klante se verwagtinge beter te verstaan, en deur voortdurend te streef om produkte, dienste en prosesse te innoveer en te verbeter. In vandag se toenemend mededingende mark is Colgate se waardes die grondslag van sukses vir ons individue, spanne en die maatskappy. Ons kan slegs verwag om uitstekende sakeresultate te behaal as ons ander mense respekteer en die Colgate-waardes uitleef.

RESPEKVOLLE BESTUUR

“Respekvolle bestuur” is hoe Colgate-mense werk maak van maatskappywaardes.

Deur respekvolle bestuur skep ons 'n omgewing waarin mense vrymoedigheid het om voorstelle te maak, idees te opper en tot die maatskappy by te dra.

Respekvolle bestuur skep 'n omgewing waar mense werklik vir mekaar omgee en goed saamwerk om hul volle potensiaal te bereik.

Die beginsels van respekvolle bestuur is:

KOMMUNIKEER

Druk idees duidelik en eenvoudig uit; luister na ander mense; skep 'n omgewing waar mense gemaklik is om hul gedagtes te deel; wees 'n voorstander van die tydige en deurlopende vloei van inligting na en van ander mense.

GEE EN VRA TERUGVOER

Ontwikkel alle Colgate-mense deur konstruktiewe, spesifieke terugvoer te gee; gee leiding en help mense om op koers te bly; moedig positiewe verandering aan en inspireer uitstekende werk.

STEL UNIEKE BYDRAES OP PRYS

Waardeer en erken ander mense se bydraes en goeie werk; respekteer individualiteit; betrek ander mense wanneer 'n mens besluite neem en prioriteite bepaal. Om mense se individuele verskille te waardeer, is kernbelangrik as 'n mens nou en in die toekoms sakesukses wil behaal en handhaaf.

BEVORDER SPANWERK

Skep 'n verbintenis tot gemeenskaplike doelwitte; los konflik op 'n positiewe manier op.

WEES 'N VOORBEELD

Wees 'n positiewe voorbeeld van hoe om op 'n etiese manier sake te doen, stres te hanteer, en 'n aangename, gebalanseerde werksomgewing te skep.

COLGATE-PALMOLIVE SE GEDRAGSKODE

INHOUDSOPGAWE

Meer oor die gedragskode

Ons verhouding met mekaar	9
• Ons streef daarna om suksesvolle werkverhoudings te hê • Ons staan oop en eerlike kommunikasie voor • Ons ag Colgate-mense as ons belangrikste hulpbron	
Ons verhouding met die maatskappy	12
• Ons vermy botsende belange • Ons beskerm die maatskappy se handelsgeheime en vertroulike inligting • Ons kom beleid oor pers- en mediaversoeke na • Ons hou akkuraat boek en rekord • Ons beskerm Colgate se bates • Ons gebruik inligtingstegnologie-hulpbronne en sosiale media op 'n verantwoordelike manier	
Ons verhouding met ons direksie	19
• Ons het 'n onafhanklike, ervare en diverse direksie • Ons bevorder direkte, oop kommunikasie met die direksie • Ons is verbind tot uitstekende korporatiewe bestuursgedrag	
Ons verhouding met eksterne sakeondernemings	20
• Ons hanteer verskaffers, klante en ander derde partye op 'n etiese manier • Ons gee of ontvang nie onvanpaste geskenke nie • Ons respekteer ander se handelsgeheime en vertroulike inligting	
Ons verhouding met verbruikers	22
• Ons stel die hoogste standarde vir ons produkte • Ons gee gehoor aan verbruikers • Ons advertensies is eerlik en akkuraat	

Ons verhouding met die regering en die wet	24
• Ons kom alle toepaslike wetgewing na • Ons kom wetgewing oor mededinging na • Ons kom wetgewing oor sekuriteite na • Ons kom wetgewing teen omkoperij na • Ons kom internasionale handelsregulasies na • Ons kom wetgewing oor dataprivaatheid en databeskerming na • Ons kom wetgewing oor die behoud van rekords na • Ons maak nie politieke bydraes nie	
Ons verhouding met die gemeenskap	31
• Ons neem deel aan plaaslike skenkings en vrywilligerwerk • Ons werk saam met regerings aan kwessies wat ons besigheid raak • Ons staan uitbuitende, onmenslike arbeidspraktyke teë • Ons toon ons verbintenis tot universele menseregte	
Ons verhouding met die omgewing	33
• Ons is verbind tot volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid • Ons bewaak en beskerm die omgewing	
Ons verhouding met aandeelhouers	34
• Ons handhaaf goeie korporatiewe bestuursgedrag om aandeelhouerwaarde te beskerm • Ons handhaaf streng auditprogramme om beleggersvertroue te verhoog • Ons hou aandeelhouers ingelig oor die maatskappy se vordering	
Ons verantwoordelikheid vir nakoming	35
• Kommunikasie en openbaarmaking is noodsaaklik • Ons het interne hulpbronne om te help indien u leiding nodig het • Ons "praat uit" om kwellings aan die toepaslike hulpbronne te rapporteer • Dissiplinêre stappe kan gedoen word • Die gedragskode geld vir alle Colgate-mense en maatskappybedrywighede	

MEER OOR DIE GEDRAGSKODE

Ons Colgate-gedragkode dien as 'n belangrike hulpbron om te verseker dat ons daaglikse sakeomgang met integriteit verloop. Die gedragkode laat ons elkeen duidelik verstaan dat die manier waarop ons bedryfsresultate bereik belangrik is. Colgate se gedragkode geld vir alle Colgate-mense, waaronder direkteure, beamptes en al die werknemers van die maatskappy en die filiaalmaatskappye daarvan. Hierdie vereistes geld ook vir verkopers en verskaffers, aangesien voldoening aan Colgate se gedragkode vir derde partye 'n voorwaarde is om met Colgate sake te doen.

Elke werknemer is verantwoordelik om integriteit en leierskap te toon deur aan die vereistes van die gedragkode, [Wêreldwye sakepraktykriiglyne](#), maatskappybeleid en alle toepaslike wetgewing te voldoen. Deurdat ons etiek en integriteit ten volle deel maak van ons volgehoue sakeverhoudings en besluitneming, toon ons 'n verbintenis tot 'n kultuur wat die hoogste etiese standaarde vooropstel.

Indien u enige vrae of kwellinge oor die vertolking of nakoming van die gedragkode of enige verwante Colgate-beleid of -prosedure het, moet u die situasie met u bestuurder, die mensehulpbron-afdeling, die wêreldwye regsorganisasie of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming bespreek.

Colgate se beleid en praktyk is om die hoogste etiese standaarde te handhaaf en om 'n werkplek te skep wat vry is van onvanpaste of onwettige gedrag, en waarin mense aangemoedig word om hul besorgdheid met die maatskappy te deel, sonder vrees vir vergelding. Gevolglik sal daar by Colgate geen strafmaatreël teen enige werknemer, voormalige werknemer, agent of derde party ingestel word wat oor 'n vermoedelike oortreding van die maatskappy se gedragkode, maatskappybeleid of toepaslike wetgewing kla, dit rapporteer, dit ondersoek of help ondersoek nie, tensy daar bevind word dat daar met opset vals bewerings gemaak word of vals inligting voorsien word. Colgate sal die vertroulikheid van alle klagtes so ver moontlik handhaaf. Alle aantygings van vergelding sal ondersoek word; indien nodig, sal dissiplinêre stappe tot en met diensbeëindiging geneem word.

Die gedragkode is aanlyn beskikbaar en is in 40 tale vertaal. Colgate vereis dat alle Colgate-mense die gedragkode lees, verstaan en nakom. Colgate-mense ontvang opleiding in die gedragkode om ons verbintenis te versterk, en word jaarliks gesertifiseer.

Die maklikste manier om nakoming van die gedragkode te verseker, is om gesonde oordeel te gebruik en leiding te soek wanneer vrae opduik. Indien u onseker is, vra u die volgende af voordat u op 'n spesifieke manier optree:

VRAE OOR ETIESE BESLUITNEMING

VRAAG:

Het ek magtiging om dit te doen?

VRAAG:

Stel ek 'n voorbeeld?

VRAAG:

Is die optrede die regte ding om te doen?

VRAAG:

Is die optrede wettig en strook dit met ons waardes, die gedragskode, die maatskappy se sakepraktykryglyne en ander beleidstukke?

VRAAG:

Sal ek hierdie optrede met trots kan meedeel aan iemand wat ek respekteer?

VRAAG:

Sal die optrede Colgate se reputasie as 'n etiese maatskappy verder versterk?

VRAAG:

Versinnebeeld ek die hoogste etiese standarde?

ANTWOORD:

Ja, gaan voort.

Nee, raadpleeg asseblief die wêreldwye regsorganisasie of wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming.

ONS VERHOUDING MET MEKAAR



Ons omgang met mekaar moet op onderlinge vertroue en respek gegrond wees.

ONS STREEF DAARNA OM SUKSESVOLLE WERKSVERHOUDINGS TE HÊ

Ons by Colgate is trots op ons mense se sterk persoonlike verbintenis en op die uitstekende prestasies wat uit daardie verbintenis spruit. Hierdie vlak van verbintenis kan egter slegs bereik word in 'n atmosfeer van vertroue, oop en eerlike kommunikasie en respek. Al u omgang met u eweknieë, die mense wat aan u rapporteer en u toesighouers moet soos 'n vennootskap aangepak word waarin elke individu se gedrag bepaal word deur 'n allesoorheersende verbintenis tot die hoogste etiese standaardde.

U verhouding met dié wat saam met u werk, moet wees soos iemand in 'n wenspan. Die groot dryfkrag agter ons onderneming is mense wat in harmonie saamwerk en fokus op 'n gemeenskaplike doelwit. Elke individu moet sy of haar verantwoordelikheid nakom – en rus in die wete dat ander mense dieselfde sal doen – om hierdie dinamiese spanverhouding te laat werk. Dit impliseer om op elke vlak aan ander mense die nodige steun te verleen om die werk gedoen te kry. Geen individu of sake-eenheid kan sy eie prioriteite voor die maatskappy s'n stel nie.

U verhouding met die mense saam met wie u werk, moet etiek bevorder deur te dien as voorbeeld van ordentlikheid, billikheid en integriteit. As leiers is almal van ons daarvoor verantwoordelik om hoë prestasiestandaardde te handhaaf en om 'n omgewing te skep wat spanwerk, respek en etiese optrede bevorder.

ONS STAAN OOP EN EERLIKE KOMMUNIKASIE VOOR

Moedig kreatiewe en innoverende denke aan; indien u 'n toesighouer is, behandel u ondergeskiktes as individue en gee hulle die nodige vryheid om hul werk te doen. Maak voorstelle vir prestasieverbetering.

U verhouding met u toesighouer moet gekenmerk word deur onderlinge respek en vertroue. U en u toesighouer is 'n span met die gesamentlike doel om die doelwitte te bereik wat die maatskappy vir u sake-eenheid gestel het.

U is net so verantwoordelik soos u toesighouer om te verseker dat die kommunikasie tussen u oop en eerlik is. Neem inisiatief so dikwels as wat u kan. Wees innoverend om probleme op te los. U samewerking en kreatiwiteit is noodsaaklik om u eenheid en die maatskappy se doelwitte te bereik.

ONS AG COLGATE-MENSE AS ONS BELANGRIKSTE HULPBRON

Colgate se verbintenis om na mense om te sien, vind uitdrukking in 'n verskeidenheid programme om individuele en spanprestasie te beloon. U word aangemoedig om so ver as wat u kan in u loopbaan te vorder en om 'n sinvolle bydrae tot die maatskappy se sukses te maak. Dit is op stuk van sake die inspanning van ons talentvolle en vaardige Colgate-mense wêreldwyd wat ons onderneming se sukses moontlik maak.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die [Maatskappybeleid oor gelyke indiensneming](https://ourcolgate.com) by ourcolgate.com te raadpleeg.

- Ons handhaaf 'n inklusiewe werksomgewing en bereik uitnemendheid deur mense met uiteenlopende agtergronde na ons werksmag te lok en hulle te behou.

- Ons verbied seksuele of enige ander teistering van Colgate-mense deur enigiemand in die werkplek of terwyl hulle maatskappypligte uitvoer.
- Ons strewende daarna om partydigheid of die skyn van partydigheid in die werkplek te verhoed, ooreenkomstig die beleidstukke en prosedures wat deur die maatskappy aanvaar is.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die [Maatskappybeleid teen teistering](https://ourcolgate.com) by ourcolgate.com te raadpleeg.

Colgate bied indiensenemingsgeleenthede op 'n gelyke grondslag aan alle gekwalifiseerde persone. Die maatskappy sal nie teen enige werknemer of werkaansoeker diskrimineer oor die volgende nie:

Dit sluit werwing, aanstelling, bevordering, verplasing, vergoeding, opleiding, posverlaging of personeelvermindering in, maar is nie beperk daartoe nie.

- | | |
|-------------------------------|---|
| • Ras of etnisiteit | • Seksuele oriëntasie |
| • Kleur | • Gestremdheid |
| • Geloof | • Huwelikstatus |
| • Geslag of geslagsidentiteit | • Oudsoldaatstatus |
| • Nasionale herkoms | • Enige ander kenmerk wat deur die wet beskerm word |
| • Ouderdom | |

VRAAG:

Ek dink my toesighouer behandel sommige van ons spanlede met minagting wat nie strook met ons beginsels van respekvolle bestuur nie, maar ek's onseker. Kan ek met EthicsLine iemand hieroor raadpleeg?

ANTWOORD:

Ja, u kan. Onthou, wanneer u oor enige probleem by die werkplek bekommerd is, kan u ook u plaaslike mensehulpbron-beampte raadpleeg of 'n lid van u leierskapspan wat u vertrou. Die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming is ook daar indien u leiding of duidelikheid soek, sou u dit verkies.

VRAAG:

'n Lid van my departement het herhaaldelik na 'n kollega se seksuele oriëntasie verwys en onder meer neerhalende terme gebruik. Toe ek met hom hieroor praat, het hy gesê hy maak net 'n grap, en die gedrag het voortgeduur. Het ek die regte ding gedoen?

ANTWOORD:

Ja. U was reg om "uit te praat". Ondanks u beste pogings het die aanstootlike gedrag voortgeduur. Praat met u toesighouer, die mensehulpbronde afdeling, die wêreldwye regsorganisasie of wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming oor enige optrede wat ons gedragskode, beleidstukke of ons beginsels oor respektvolle bestuur oortree.

- Ons gebruik nie kinderarbeid nie. Kinderarbeid word gedefinieer as die indiensneming van enige persoon jonger as die minimum ouderdom wat volgens wet in die betrokke jurisdiksie toegelaat word. Ons sal egter onder geen omstandighede bewustelik enigiemand jonger as sestiën (16) jaar oud in diens neem nie.
- Ons streef daarna om potensiële gevare in die werkplek te elimineer en om aan al die toepaslike wetgewing en standaarde oor beroepsveiligheid en -gesondheid te voldoen.
- Ons help om 'n veilige, gesonde en produktiewe werksomgewing vir alle Colgate-mense en ander mense te handhaaf deur:
 - die besit, gebruik, verkoop of oordrag van onwettige dwelms of dwelmverwante toebehore op maatskappy-eiendom of in maatskappytyd te verbied;
 - te verbied dat maatskappypilgite onder die invloed van alkohol uitgevoer word;
 - die besit of gebruik van wapens/vuurwapens, ploftoestelle of ammunisie op maatskappypersonele of tydens die uitvoering van Colgate-pilgite te verbied, onderhewig aan plaaslike wetgewing (die besit van 'n wapen kan vir sekuriteitspersoneel gemagtig word waar sodanige besit nodig geag word om die veiligheid en sekuriteit van Colgate-mense te verseker);
 - enige optrede wat as gewelddadig, dreigend, afbrekend of intimiderend vertolk kan word te verbied; en
 - te vereis dat enige geval van dwelm- of alkoholmisbruik by die werkplek, geweld of die onwettige besit van wapens op maatskappy-eiendom of in maatskappytyd onmiddellik aan die mensehulpbronde afdeling, die wêreldwye sekuriteitsafdeling, die wêreldwye regsorganisasie, die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming of bestuur gerapporteer word.

VRAAG:

Een van my kollegas is 'n ouer persoon, en daarom probeer ek om sake vir hom te vergemaklik deur hom proaktief by te staan met take wat ek dink moeilik kan wees vir iemand van sy ouderdom. Ek probeer net help, maar het onlangs by ons toesighouer gehoor hy is vies vir my. Is hierdie optrede verkeerd?

ANTWOORD:

Ja. U moet nie aanvaar dat u kollega weens sy ouderdom nie dieselfde vaardighede en vermoëns as u het nie. Om iemand weens hul ouderdom anders te behandel is nooit by die werkplek aanvaarbaar nie. Gaan gesels met hom, en verduidelik aan hom dat u begeerte om te help in die gees van sorgsaamheid was en dat u geen aanstoot wou gee nie.

ONS VERHOUDING MET DIE MAATSKAPPY



As Colgate-mense besef ons die geloof en vertroue wat in ons gestel word en tree ons in alle situasies met integriteit en eerlikheid op.

ONS VERMY BOTSSENDE BELANGE

U oordeel is een van u belangrikste bates. U moet enige aktiwiteit, belang of verbintenis vermy wat in stryd is met die maatskappy se wettige sakebelange, of wat skynbaar u objektiwiteit of die uitoefening van u onafhanklike oordeel ondermyn wanneer u sake met of namens die maatskappy doen. Botsende belange kan in baie gevalle ontstaan. Dit is onmoontlik om alle voorbeelde hier te dek, en dit sal nie altyd maklik wees om te onderskei tussen gepaste en ongepaste aktiwiteit nie. Indien u twyfel, raadpleeg die mensehulpbron-afdeling, die wêreldwye regsorganisasie, die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming of u bestuurder voordat u enigiets doen.

Die volgende riglyne geld vir die algemeenste situasies waar belange bots:

BELEGGINGS

Moenie enige belegging maak wat u sakebesluite kan beïnvloed nie. Maatskappybeleid verbied Colgate-mense om aandele te besit of eienaarsbelang te hê in 'n maatskappy wat met Colgate meeding of met Colgate sake doen. Hierdie verbod geld nie vir die besit van klein persentasies aandele (gewoonlik minder as 1%) in publiek verhandelde maatskappye nie, mits die belegging nie finansiële so aansienlik is dat dit die skyn van botsende belange wek nie. Kontak asseblief die wêreldwye regsorganisasie indien u potensieel verbode beleggings gemaak het voordat u by Colgate begin werk het.

FAMILIE

Stel u bestuurder in kennis en verkry u afdelings- of funksiehoof en die wêreldwye regsorganisasie se goedkeuring voordat u namens Colgate sake doen met enige maatskappy waarin u of 'n nabye familielid 'n belang het.

ANDER WERK

Moenie vir 'n mededinger van Colgate werk terwyl u vir Colgate werk of enige ander werk doen vir, of bystand verleen aan, enige derde party (verspreider, klant of verskaffer) wat u werksprestasie of -oordeel nadelig kan beïnvloed nie. Moet nie sonder magtiging van u afdelings- of funksiehoof maatskappytyd, -geriewe, -hulpbronne, -handelsmerke of -logo's gebruik vir buitewerk wat nie met u werk by Colgate verband hou nie.

PERSOONLIK

Hoewel ons Colgate-mense se reg op vrye assosiasie met die mense wat hulle in die werksomgewing teëkom, erken en respekteer, moet ons ook gesonde oordeel gebruik om te verseker dat sodanige verhoudings nie werksprestasie, die vermoë om toesig oor ander mense te hou of die werksomgewing negatief beïnvloed nie.

Enige werkplek-optrede wat spruit uit 'n romantiese of vriendskapsverhouding tussen werknemers kan onvanpas wees as die gedrag 'n ongemaklike werksomgewing vir ander, of die persepsie dat iemand voorgetrek word, skep.

Partydigheid of die neem van sakebesluite wat op romantiese verhoudings of vriendskappe gegrond is en nie maatskappybelang nie, is verbode. Individue wat in 'n persoonlike verhouding of vriendskap betrokke is, moet takt, goeie oordeel en sensitiwiteit aan die dag lê.

'n Toesighouer mag nie toesig hou oor iemand waarby hy of sy romanties betrokke is nie. In só 'n situasie moet albei werknemers dit aan die mensehulpbron-afdeling en/of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming rapporteer.

Wees daarvan bewus dat 'n nabye familielid dalk in 'n hoedanigheid kan werk wat botsende belange of die skyn van botsende belange kan veroorsaak. Indien so 'n situasie ontstaan, raadpleeg u bestuurder, die mensehulpbron-afdeling of die wêreldwye regsorganisasie vir leiding.

DIREKSIES

Kry goedkeuring van die uitvoerende hoof en die hoof-regsbeampte voordat u instem om in 'n direksie of soortgelyke struktuur vir 'n buite-onderneming of 'n regeringsagentskap te dien.

U hoef nie goedkeuring te verkry om in die direksie van 'n organisasie sonder winsbejag te dien nie, tensy die organisasie 'n sakeverhouding met die maatskappy het. In só 'n geval moet u goedkeuring by u afdelings- of funksiehoof verkry.

ANDER OORWEGINGS

Ons strewende daarna om 'n positiewe werksomgewing te handhaaf wat ons maatskappy se waardes weerspieël en sterk werksverhoudings bevorder. Hoewel botsende belange dikwels ontstaan uit ons wisselwerking met eksterne partye, kan botsende belange of die skyn daarvan ook uit interne interaksie ontstaan. Dié van ons wat ander mense bestuur, moet veral daarop bedag wees dat ons nie situasies skep wat vir ander mense soos partydigheid of potensieel botsende belange kan lyk nie.

Raadpleeg u bestuurder indien u vrae het of u in 'n situasie met potensieel botsende belange bevind. Die maatskappy sal saam met u werk om die situasie aan te spreek en 'n gepaste oplossing te vind.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Kwessies verwant aan botsende belange](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 7 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

VRAAG:

'n Nabye familielid besit 'n uitgrawingsmaatskappy en dien 'n bod in om sake te doen met die vervaardigingsaanleg waar ek werk. Ek werk in die produksielyn en het geen besluitnemingsgesag nie. Moet ek dit steeds as 'n potensieel botsende belang uitwys?

ANTWOORD:

Ja. Selfs al het u nie direkte beheer oor die uitkoms van die bodproses nie, kan die feit dat u neef of niggie kontakte binne die maatskappy het dalk die skyn van 'n botsende belang gee. Raadpleeg die mensehulpbron-afdeling, die wêreldwye regsorganisasie of u bestuurder.

ONS BESKERM DIE MAATSKAPPY SE HANDELSGEHEIME EN VERTROULIKE INLIGTING

Colgate se handelsgeheime, ander vertroulike inligting en baie van sy interne data is waardevolle bates. 'n Handelsgeheim is inligting wat in Colgate se sakebedrywighede gebruik word wat nie algemeen bekend is of maklik ontdek kan word nie, en is sensitief ter wille van mededinging. Moeite word dus gedoen om dit geheim te hou. Die beskerming van handelsgeheime en vertroulike inligting speel 'n onontbeerlike rol in ons volgehoue groei en mededingingsvermoë.

WAT IS VOORBEELDE VAN HANDELSGEHEIME OF ANDER VERTROULIKE INLIGTING?

- Enige formule, ontwerp, toestel of inligting wat in ons sakebedrywighede gebruik word wat Colgate die geleentheid bied om 'n voordeel bo ons mededingers te verkry
- Intellektuele eiendom wat nog nie openbaar gemaak is nie
- Besigheidsnavorsing
- Planne van nuwe produkte
- Finansiële inligting wat nie openbaar bekend is nie of ongepubliseerde prysinligting
- Vervaardigingsprosesse
- Enige tipe bemarkings- of verkoopsmateriaal wat nog nie bekend gestel is nie
- Regsopinies of produkte van prokureurswerk
- Ongemagtigde foto's of video's wat in 'n vervaardigings- of navorsingsgerief van Colgate geneem is
- Lyste van werknemers, klante of verkopers
- Inligting wat verband hou met die vereistes, voorkeure, sakegewoontes en planne van klante

Hoewel hierdie lys nie volledig is nie, toon dit aan dat 'n wye verskeidenheid inligting beskerm moet word. Handelsgeheime en ander vertroulike inligting hoef nie patenteerbaar te wees nie, maar kan ook bloot nie publiek bekend wees nie.

U pligte ten opsigte van Colgate se handelsgeheime en ander vertroulike inligting is:

**MOET
NIE**



Moenie hierdie inligting aan ander Colgate-mense of derde partye bekendmaak nie, behalwe op 'n "moet weet"- of "moet gebruik"-grondslag.

**MOET
NIE**



Moenie derde partye betrek om hierdie inligting te hanteer sonder 'n gepaste evaluering van die derde party se sekuriteit en inligtingstegnologie-beheermaatreëls en 'n geondertekende vertroulikheidsooreenkoms met die derde party nie.

**MOET
NIE**



Moenie hierdie inligting op webwerwe of sosiale media plaas of bespreek wat vir die publiek toeganklik is nie.

**MOET
NIE**



Moenie hierdie inligting vir u eie gewin of vir die gewin van ongemagtigde persone buite Colgate gebruik nie.

**MOET
WEL**



Doen alle redelike stappe doen om Colgate se handelsgeheime en vertroulike inligting te beskerm.

Indien u Colgate verlaat, het u steeds 'n plig om Colgate se handelsgeheime en ander vertroulike inligting te bewaar. U moet ook in gedagte hou dat korrespondensie, gedrukte materiaal, elektroniese inligting, dokumente of enige tipe rekords, asook kennis van spesifieke prosesse, prosedures en besondere Colgate-handelswyses – hetsy vertroulik of nie – aan die maatskappy behoort en binne Colgate moet bly. U moet alle maatskappy-eiendom teruggee wat in u besit, in u bewaring of onder u beheer is indien u die maatskappy verlaat.

Indien u wonder of inligting vertroulik is of 'n handelsgeheim is, moet u met die wêreldwye regsorganisasie in verbinding tree.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Die beskerming van die maatskappy se eie inligting](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 12 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

VRAAG:

In die hysbak op pad na my werkarea het ek gehoor hoe twee kollegas die werk bespreek wat hulle besig is om op 'n nuwe produk onder ontwikkeling te doen. Ek het bekommerd geraak, want ons deel kantoorruimte met ander maatskappye en die inligting wat hulle besig was om te bespreek, is blykbaar vertroulik. Moes ek iets gesê het?

ANTWOORD:

Ja. Dit is baie belangrik dat Colgate-mense nie vertroulike maatskappy-inligting in openbare areas soos voorportale, kafeterias, hysbakke, ens. bespreek waar dit ongepas is om 'n vertroulike gesprek te voer nie. U word aangemoedig om "uit te praat" om u kommer teenoor u kollegas uit te spreek en hul aandag op die situasie te vestig.

ONS KOM BELEID OOR PERS- EN MEDIAVERSOEKE NA

- Versoeke deur die media, pers, die finansiële gemeenskap of die publiek om namens Colgate oor die maatskappy se finansiële of sake-inligting te praat, moet na die visepresident vir korporatiewe kommunikasie of die visepresident vir beleggersbetrekkinge verwys word.
- Versoeke om inligting namens Colgate te verskaf aan kontakte van die Sekuriteite-en-beurskommissie, die New York Aandelebeurs of ander reguleerders en owerhede van reg oor die wêreld, moet na die wêreldwye regsorganisasie verwys word.

Dit is uiters belangrik dat geen werknemer namens die maatskappy op enige sodanige navraag of kontak reageer nie, aangesien enige ongepaste of onakkurate reaksie, selfs 'n weiering of ontkenning van inligting, tot negatiewe publisiteit kan lei, en die maatskappy ook andersins ernstig kan beïnvloed.

Hierdie beleid geld nie vir versoeke om finansiële inligting wat aan die publiek beskikbaar is, soos jaar- en kwartaalverslae, of vir die maatskappy se promosie- en publiseitsbedrywighede nie.

Versoeke vir onderhoude met enige Colgate-werknemer wat namens die maatskappy of sy sake praat, en/of die uitreiking van enige maatskappy-persvrystellings en/of -verklarings moet vooraf deur die visepresident vir korporatiewe kommunikasie of die visepresident vir beleggersbetrekkinge nagegaan en goedgekeur word. Onderhoude wat deur die maatskappy geïnisieer is, moet op dieselfde wyse goedgekeur word voor dit met die media geskeduleer kan word.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Handel in sekuriteite en die vertroulikheid van inligting](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 4 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS HOU AKKURAAAT BOEK EN REKORD

Ons maatskappy se finansiële posisie en die resultate van sy bedrywighede moet aangeteken word in ooreenstemming met wetlike vereistes en algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk (AARP). Maatskappybeleid, asook die wet, vereis dat Colgate boeke, rekords en rekeninge byhou wat die aard van die saketransaksies en die gesteldheid van die maatskappy se bates akkuraat en billik weerspieël.

Die integriteit van die maatskappy se rekeningkundige en finansiële rekords hang af van die akkuraatheid en volledigheid van die inligting wat inskrywings in die maatskappy se boeke en rekenings rugsteun. Almal wat betrokke is by die skep, verwerking en aantekening van sodanige inligting word verantwoordelik gehou vir die integriteit daarvan. Elke rekeningkundige of finansiële inskrywing moet presies weerspieël wat die

ondersteunende dokumentasie beskryf. Geen inligting moet van (of deur) die of van die maatskappy se interne of onafhanklike ouditeurs weerhou word nie.

Geen betaling sal namens die maatskappy goedgekeur of gedoen word indien enige deel van die betrokke betaling aangewend sal word vir enige ander doel as dit wat in dokumente beskryf word wat die betaling ondersteun nie. Geen vals of misleidende inskrywing mag om enige rede in enige boekhouding of finansiële rekords van die maatskappy gedoen word nie. Geen fonds, bate of rekening van die maatskappy mag vir enige doel gevestig, verkry of in stand gehou word tensy dit behoorlik in die maatskappy se boekhouding en rekords weerspieël word nie. Geen korporatiewe fondse of bates moet vir enige onwettige of ongepaste doel gebruik word nie.

Bestuurders en ander partye wat verantwoordelik is vir die opstel van finansiële inligting, moet verseker dat Colgate se finansiële beleidsrigtings gevolg word. Inkomste en uitgawes moet tydig na behore aangedui word.

Bates en laste moet na behore aangeteken en op 'n gepaste wyse gewaardeer word. Daarby moet diegene wat verantwoordelik is vir, of betrokke is by, die voorbereiding van Colgate se opgawes aan die Sekuriteite-en-beurskommissie, ander opgawes wat deur die betrokke wetgewing vereis word, of ander korrespondensie met die sake- of finansiële gemeenskap, verseker dat wanneer sodanige opgawes en korrespondensie openbaar gemaak word, dit volledig, billik, akkuraat, tydig en verstaanbaar is. Indien u bewus word van 'n moontlike weglating, vervalsing of onakkuraatheid in rekeningkundige of finansiële inskrywings, of in Colgate se verslae aan die Sekuriteite-en-beurskommissie of ander korrespondensie, of van enige gebrek in interne kontrolemaatreëls, moet u sulke inligting dadelik aan u bestuurder of aan die wêreldwye regsorganisasie rapporteer. U kan ook oor hierdie aangeleenthede met die maatskappy se wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming in verbinding tree.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Maatskappydokumente](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 5 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS BESKERM COLGATE SE BATES

Maatskappybates, -geriewe of -dienste moet slegs vir wettige, gepaste en gemagtigde doeleindes gebruik word. Die diefstal van geld, eiendom of dienste word streng verbied. Die gebruik van Colgate-toerusting, -stelsels, -geriewe, korporatiewe kredietkaarte en voorrade moet met u werk by Colgate verband hou, of vir doeleindes wat deur die bestuur gemagtig is. U is persoonlik verantwoordelik nie net vir die beskerming van Colgate-eiendom wat aan u toevertrou is nie, maar ook om te help dat die maatskappy se bates in die algemeen opgepas word. U moet bedag wees op enige situasie of insidente wat kan lei tot die verlies, misbruik of diefstal van maatskappy-eiendom en u moet al sulke situasies aan u bestuurder of aan die afdeling vir wêreldwye sekuriteit rapporteer sodra dit onder u aandag kom.

VRAAG:

Wat moet ek doen as ek gevra word om die oploping van sekere uitgawes te laat ontstaan tot die volgende tydperk? As iemand byvoorbeeld vir my sê: "Solank ons dit binne hierdie finansiële jaar aanteken, doen ons niks verkeerd nie", is dit waar?

ANTWOORD:

Nee. Die doelbewuste vertraging van die oploping van uitgawes, ongeag die grootte van die bedrag, is 'n misleidende, onaanvaarbare en moontlik onwettige praktyk. Daar moet akkuraat en eerlik oor elke sake- en finansiële transaksie verslag gedoen word, hoe onbenullig ook al. Vervalsing van enige maatskappydokument is 'n ernstige oortreding en kan lei tot diensbeëindiging.

Slegs sekere maatskappybeamptes en senior werknemers het die magtiging om besluite te neem wat die maatskappy se bates raak. U mag nie sonder behoorlike magtiging verbintenisse aangaan wat die maatskappy se bates raak nie. U moet met u plaaslike of die afdeling se finansiële direkteur in verbinding tree indien u vrae het of duidelikheid nodig het.

ONS GEBRUIK INLIGTINGSTEGNOLOGIE-HULPBRONNE EN SOSIALE MEDIA OP 'N VERANTWOORDELIKE MANIER

Colgate se inligtingstegnologie- (IT) hulpbronne en sosiale media moet op 'n verantwoordelike manier gebruik word en op só 'n wyse dat dit met die gedragskode en alle ander maatskappybeleidstukke of -prosedures strook.

Colgate se inligtingstegnologie-hulpbronne sluit alle huidige en toekomstige toerusting, sagteware en dienste in wat data insamel, berg, oordra en verwerk wat deur Colgate besit, gehuur of voorsien word.

Colgate se inligtingstegnologie-hulpbronne moet op 'n respekvolle, professionele wyse slegs vir Colgate-sakedoeleindes gebruik word, behalwe vir beperkte en gepaste persoonlike gebruik.

Daarby word die volgende gebruike verbied:

- Om teisterende, diskriminerende, aanstootlike, lasterlike, vals of dreigende boodskappe te stuur, insluitend dié wat aanstootlike inhoud bevat oor ras, godsdiens, nasionale herkoms, etnisiteit, kleur, geslag, geslagsidentiteit, ouderdom, burgerskap, oudsoldaatstatus, huwelikstatus, gestremdheid of enige ander kenmerk wat kragtens wetgewing beskerm word.
- Ongemagtigde verspreiding van Colgate se vertroulike of handelsgeheim-inligting, of ongemagtigde bespreking van vertroulike maatskappysake of interne prosesse op enige eksterne webwerf.
- Om sekuriteitsbreuke of -ontwrigtings van netwerk kommunikasie te veroorsaak of toe te laat, en/of u gebruiker-ID of wagwoord op 'n onvanpaste wyse aan ander bekend te maak of om ander toe te laat om u gebruiker-ID of wagwoord te gebruik.
- Enige ander gebruik wat deur die maatskappy se sakepraktyk riglyne of die riglyne vir die benutting van inligtingstegnologie en sosiale media verbied word.

Behalwe in soverre dit deur toepaslike wetgewing beperk word, behou Colgate hom die reg voor om alle maatskappy-inligtingstegnologie-hulpbronne in gepaste omstandighede na goeddunke van die maatskappy en ooreenkomstig toepaslike wette te monitor, toegang daartoe te verkry en dit te evalueer. Die maatskappy se reg om alle maatskappy-inligtingstegnologie-hulpbronne te monitor, toegang daartoe te verkry en dit te evalueer sluit alle sake- en persoonlike inligting in wat met maatskappy-inligtingstegnologie-hulpbronne geskep, geberg of gestuur is, en sluit ook sosiale media-platforms in wat via maatskappy-inligtingstegnologie-hulpbronne besoek is. Werknemers moet geen verwagting oor privaatheid hê ten opsigte van sulke sake- of persoonlike inligting nie.

Colgate behou die reg voor om enige gebruiker se toegang tot, of gebruik van, Colgate se inligtingstegnologie-hulpbronne te eniger tyd en om enige rede op te skort of te beperk, met of sonder waarskuwing vooraf, behalwe waar dit deur die wet verbied word.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Die gebruik van inligtingstegnologie-hulpbronne en sosiale media](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 13 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS VERHOUDING MET ONS DIREKSIE



Ons is bevoorreg om 'n groep uitstaande individue te hê wat in die maatskappy se direksie dien en wat advies, leiding en leierskap voorsien wat onontbeerlik is vir ons volgehoue sukses. Danksy hul gesamentlike agtergrond in sake, onderwys en staatsdiens, internasionale ervaring, akademiese prestasie, morele en etiese karakter en diversiteit, voorsien ons direksie doeltreffende oorsig oor die maatskappy se sake.

ONS HET 'N ONAFHANKLIKE, ERVARE EN DIVERSE DIREKSIE

Onafhanklikheid kweek integriteit en toerekenbaarheid. Colgate se beleid is om 'n direksie te hê wat hoofsaaklik uit onafhanklike direkteure van buite bestaan. Alle direkteure wat op die direksie se komitees dien wat oorsig bied oor audit-, vergoeding- en bestuursgedrag-aangeleenthede, is onafhanklik. Daar is geen oorvleuelende direkteurskappe nie; dit is die maatskappy se beleid dat geen van die onafhanklike direkteure enige konsult-, regs- of ander fooie buiten direkteursfooie van die maatskappy ontvang nie.

ONS BEVORDER DIREKTE, OOP KOMMUNIKASIE MET DIE DIREKSIE

Colgate se direkteure het gereelde, direkte kontak met die maatskappy se bestuur, binne én buite die raadsaal. Senior sleutelbestuurders woon gereeld direksievergaderings by en neem saam aktief deel aan openhartige gesprekke oor verskeie sakeaangeleenthede. Direkteure word genooi om senior bestuurders tussen geskeduleerde direksievergaderings met vrae en voorstelle te kontak, en maak gereeld daarvan gebruik. Die oop, eerlike atmosfeer wat daaruit spruit, weerspieël Colgate se oorkoepelende korporatiewe kultuur, en help die direksie om 'n aktiewe rol te speel in die ontwikkeling en leiding van die maatskappy se sakestrategie.

ONS IS VERBIND TOT UITSTEKENDE KORPORATIEWE BESTUURSGEDRAG

Colgate se direksie het leiding geneem wat steun aan korporatiewebestuur-inisiatiewe betref. Colgate was een van die eerste van sy tydgenote om 'n formele gedragskode te aanvaar wat alle sakebedrywighede reguleer, en om 'n handves vir die direksie en sy komitees te ontwikkel. Colgate het die laaste twee dekades uitstekende korporatiewe bestuurpraktyke geïmplementeer wat aanhoudend verbeter en verfyn word. Colgate se direksie staan sentraal in hierdie beleidsrigtings en glo sterk dat goeie korporatiewe bestuur ons langtermynsakesukses in die hand werk en dit trouens aanhelp.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die "[Direksieriglyne oor betekenisvolle kwessies in korporatiewe bestuursgedrag](#)" te raadpleeg wat op colgatepalmolive.com beskikbaar is.

ONS VERHOUDING MET EKSTERNE SAKEONDERNEMINGS



Elkeen van ons is verantwoordelik vir die wyse waarop verskaffers, klante en ander derde partye ons beleef. Dit is noodsaaklik dat ons die maatskappy se reputasie vir eerlikheid en billike optrede by hierdie groepe handhaaf.

ONS HANTEER VERSKAFFERS, KLANTE EN ANDER DERDE PARTYE OP 'N ETIESE MANIER

Die eerlike hantering van verskaffers, klante en ander derde partye is noodsaaklik vir gesonde, blywende sakeverhoudings. Ons gee aandag aan alle potensiële derde partye regverdig en op gelyke voet. Besluite oor die kies van verkopers berus op objektiewe kriteria soos prys en gehalte, asook op betroubaarheid en integriteit.

Daarby doen ons nie persoonlike gunste vir derde partye oor pryse, promosietoelae, bemarkingshulp of soortgelyke dinge nie. Ons hantering van verskaffers, klante en ander derde partye word verder bespreek in die afdeling van hierdie gedragskode wat handel oor ons verhouding met die regering en die wet.

Colgate se [Derdepartygedragskode](#) is in verskeie tale op die maatskappy se webwerf beskikbaar.

ONS GEE OF ONTVANG NIE ONVANPASTE GESKENKE NIE

Dit is onaanvaarbaar om enige geskenke, betalings of ander persoonlike voordele (wat omkopery en agteraf betalings insluit, maar nie daartoe beperk is nie) te gee of te ontvang om enige sakebesluit te beïnvloed, of skynbaar te beïnvloed. U moet die wêreldwye regsorganisasie of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming in kennis stel indien u beoog om 'n geskenk, betaling of ander voordeel te gee, gegee het of aangebied is of ontvang het waarvan die waarde meer as nominaal is (nagenoeg USD 50,00), of as u dink sodanige geskenk, betaling of ander voordeel is aangebied of verskaf in 'n poging om 'n sakebesluit te beïnvloed. Hou ook in gedagte dat u slegs een geskenk met nominale waarde per kalenderjaar uit 'n enkele oord mag aanvaar. Indien dit die maatskappy in die verleentheid kan stel as u nie 'n spesifieke geskenk – waarvan die waarde meer as nominaal is – aanvaar nie, moet u die wêreldwye regsorganisasie in kennis stel dat u die geskenk aanvaar het. Daarby moet u nie reël om namens 'n nabye familielid 'n geskenk, betaling of ander voordeel wat nominale waarde oorskry te gee aan, of te ontvang van, enigiemand met wie die maatskappy 'n bestaande sakeverhouding het of met wie die maatskappy 'n sakeverhouding wil vestig nie.

Volg die volgende reël: moet nooit 'n geskenk of diens aanvaar as dit u onder verdenking bring of lyk asof dit u onder verdenking kan bring nie. Dit sluit nie redelike sakevermaak of geskenke van nominale waarde in wat af en toe voorkom nie.

U moet weet dat spesiale reëls geld vir gepaste gedrag ten opsigte van optrede teenoor federale, deelstaat-, plaaslike of buitelandse regeringsamptenare en regerings wat verskil van die reëls vir optrede teenoor nieregeringsinstansies. Oor die algemeen mag 'n mens nie enige geskenk, fooi of waardevolle artikel, waaronder etes of reise, aan regeringsamptenare of regerings bied tensy die wêreldwye regsorganisasie dit vooraf goedgekeur het nie.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry oor geskenke aan regeringsamptenare of regerings deur die wêreldwye beleid oor uitgawes wat verband hou met regeringsamptenare en regerings, en die verwante goedkeuringsvorm te raadpleeg.

Colgate-verskaffers en -verkopers moet altyd ingelig word oor die vereiste om die derdepartygedragskode na te kom as hulle saam met ons werk asook die moontlikheid om hul sakegeleentheid by ons te verloor indien hulle dit nie doen nie. Daarby moet ons klant- of verskafferbeleid nakom in soverre dit nie met ons eie beleidstukke bots nie.

VRAAG:

'n Klant het my na 'n beroepsgolfstoernooi uitgenooi. Ek het my toesighouer van die uitnodiging in kennis gestel en hy het my deelname goedgekeur mits sakebedrywighede bespreek sal word. Tydens die toernooi is lootjies getrek en ek het 'n stel golfstokke gewen wat baie waardevoller as nominale waarde is. Sal ek die gedragskode oortree deur dit te aanvaar?

ANTWOORD:

Ja. Enige prys wat in 'n kompetisie, trekking of lotery gewen word, word as 'n geskenk beskou. Die aanvaarding van 'n geskenk wat waardevoller is as die nominale waarde soos in ons geskenkbeleid gedefinieer, word as 'n oortreding van die gedragskode beskou. Die EthicsLine kan ook bykomende leiding of advies verskaf indien u vrae het.

ONS RESPEKTEER ANDER SE HANDELSGEHEIME EN VERTROULIKE INLIGTING

Colgate se beleid is om nie bewustelik inbreuk te maak op die geldige en afdwingbare intellektuele eiendomsregte van ander nie. Dit is ook maatskappybeleid om ander se handelsgeheime en ander vertroulike inligting te respekteer. Dit is veral belangrik indien u by Colgate aansluit en kennis dra van 'n vorige werkgever se handelsgeheime en vertroulike inligting. Indien enige vrae in hierdie verband opduik, moet u die wêreldwye regsorganisasie raadpleeg.

Dit is belangrik om die maatskappy teen toekomstige eise oor oortredings of geldelike eise te beskerm indien enigiemand buite die maatskappy u met 'n uitvinding, ontdekking of idee nader. Moet nie buitelanders toelaat om enige besonderhede van hul uitvinding, ontdekking of nuwe idee aan u bekend te maak voordat u eers die wêreldwye regsorganisasie geraadpleeg het nie. Verwys alle partye wat u met ongevraagde idees nader óf na die wêreldwye regsorganisasie óf na die verbruikersake-afdeling in u omgewing sodat dit volgens die maatskappy se prosedures hanteer kan word.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor "[Die beskerming van vertroulike maatskappy-inligting en respek vir ander se vertroulike inligting](#)" te raadpleeg wat in Hoofstuk 12 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS VERHOUDING MET VERBRUIKERS



Ons maatskappy se reputasie is gebou op die gehalte en veiligheid van ons produkte. Ons verbintenis tot gehalte en veiligheid is noodsaaklik vir die maatskappy se volgehoue groei en sukses.

ONS STEL DIE HOOGSTE STANDAARDE VIR ONS PRODUKTE

Ons is verbind daartoe om te verseker dat verbruikers peil kan trek op Colgate-produkte se betroubaarheid, gehalte en uitmuntende werking. Buiten die feit dat ons miljarde mense dien in die markte waar ons sake doen, moet ons daarna streef om ons produkte op die doeltreffendste manier moontlik te vervaardig sodat die grootste aantal verbruikers dit kan bekostig.

Produkte wat deur Colgate verkoop word, moet nie net aan alle wetlike veiligheidstandaarde voldoen nie, maar ook aan maatskappystandaarde, wat dikwels strenger is. Ons neem deel aan programme om vinnig bystand te verleen aan verbruikers indien daar vermoedelik met produkte gepeuter word, dit misbruik of vervals word. Verbruikersgesondheid, -veiligheid en -welstand is van uiterste belang vir ons. As Colgate-werknemer is dit u verantwoordelikheid om onmiddellik enige kwessies wat verband hou met produkgehalte of -veiligheid aan u sake-eenheidbestuurder te rapporteer, indien u dit teëkom.

Vir bykomende inligting oor die veiligheid van ons bestanddele, raadpleeg asseblief ons beleid oor [Veiligheid van bestanddele](http://colgatepalmolive.com) wat op colgatepalmolive.com beskikbaar is.

ONS GEE GEHOOR AAN VERBRUIKERS

Aangesien ons handel dryf met verbruikersprodukte, hang ons sukses af van verbruikerstevredenheid, -vertroue en -goedgesindheid. Die beste manier om ons doelwitte te bereik en aan verbruikers se behoeftes te voldoen, is om 'n konsekwente, billike en sensitiewe verbruikerskommunikasieprogram te volg.

Ons besef die belangrikheid daarvan om verbruikers se behoeftes en voorkeure vooruit te skat en daaraan gehoor te gee. Ons glo ook dat verbruikersmenings, -kwellinge en -navrae oor ons produkte wat aan die maatskappy gerig word, 'n belangrike bron van inligting is. Verbruikersbehoefte verander voortdurend; ons moet dus deurlopend luister na wat mense soek om veranderende behoeftes te bevredig.

Wanneer 'n verbruiker ontevrede is, hanteer ons verbruikersakespan die probleem spoedig, hoflik en billik, en wend alle redelike pogings aan om die verbruiker se goedgesindheid te behou of terug te wen.

ONS ADVERTENSIES IS EERLIK EN AKKURAAAT

Advertensies is een van die belangrikste aspekte van ons besigheid. Advertensies moet kreatief en mededingend wees, maar terselfdertyd eerlik, akkuraat en moet altyd aan die toepaslike wetgewing voldoen. Ons advertensies moet ook enige stereotipering van individue op grond van faktore soos die volgende vermy:

- Ras
- Geslag of geslagsidentiteit
- Huwelikstatus
- Geloof
- Ouderdom
- Gestremdheid
- Nasionale herkoms
- Seksuele oriëntasie
- Enige ander kenmerk wat deur die wet beskerm word
- Etnisiteit
- Oudsoldaatstatus

VRAAG:

My kollega is 'n lynoperateur wat daarvoor verantwoordelik is om uurliks gewiginspeksies te doen om te verseker die korrekte hoeveelheid van die produk word verskaf. Ek vermoed hy het nie die toetse uitgevoer nie en vervals sy dokumentasie. Moet ek my toesighouer in kennis stel?

ANTWOORD:

Ja. Ons maatskappy se reputasie is gebou op die gehalte en veiligheid van ons produkte. U moet u bestuur en die EthicsLine onmiddellik in kennis stel indien u dink enigiets is gedoen wat ons maatskappy se reputasie kan beswadder of ons klante of verbruikers kan raak.

Advertensies skep meer as net 'n beeld van die produk. Dit bou ons reputasie vir betroubaarheid en geloofwaardigheid.

Boonop lê ons sorg aan die dag om die media te kies waarin ons advertensieboodskappe verskyn. Ons laat nie toe dat ons advertensies op televisieprogramme of in ander media verskyn wat onnodige of oormatige geweld of seks bevat, wat antisosiaal is of wat ons maatskappy se reputasie of produkte negatief kan beïnvloed nie.

Ons handhaaf handelsbillikheid ten opsigte van die ontwerp, gebruik en keuse van advertensies, handelsmerke en ontwerpe, sodat ons produkte uit hoofde van hul eie gehalte en reputasie sukses kan behaal, en nie deur nabootsing of deur te handel in ons mededingers se klandisiewaarde nie. Handelsbillikheid vereis:

- Streng nakoming van plaaslike wetlike vereistes ten opsigte van handelsmerkskending en onbillike mededinging.
- Om nie bekende handelsmerke, slagspreuke, advertensietemas en grafika na te aap wat deur multinasionale maatskappye en streeksgebonde mededingers gebruik word nie.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Advertensies](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 14 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS VERHOUDING MET DIE REGERING EN DIE WET

Ons gehoorsaam alle wette wat op Colgate van toepassing is. Ons beleid is om die gees van die wet te eerbiedig, nie net die letter nie. Maak dit 'n gewoonte om die wêreldwye regsorganisasie te raadpleeg wanneer u ook al twyfel.

ONS KOM ALLE TOEPASLIKE WETGEWING NA

Colgate-mense moet maatskappy-aktiwiteite op so 'n manier uitvoer dat dit ten volle voldoen aan die wette van elke land waarin hulle bedrywig is, sowel as aan die betrokke wette van die VSA soos dit in die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke, beleidstukke en prosedures uiteengesit word. In die reël stel ons as maatskappy die hoogste toepaslike standarde aan onself. Raadpleeg asseblief die wêreldwye regsorganisasie indien u dink plaaslike wetgewing is teenstrydig met die toepaslike VSA-wetgewing of maatskappybeleid.

ONS KOM WETGEWING OOR MEDEDINGING NA

Colgate en sy werknemers oor die hele wêreld moet ten volle aan mededingingswette voldoen (bekend as antitrustwette in die VSA) wat van toepassing is in elke land, deelstaat en plek waar ons sake doen. Die doel van hierdie wetgewing is om verbruikers of ander maatskappye te beskerm deur te verseker dat maatskappye regverdig meeding deur laer pryse, meer innoverende produkte en beter diens te bied, en dat maatskappye nie met die markkragte vraag en aanbod inmeng nie. Byna elke land het mededingingswette deurgevoer. Dit is ons verantwoordelikheid om die mededingingswette waar ons sake doen te verstaan en om, waar nodig, leiding van die wêreldwye regsorganisasie te bekom.

Mededingingswette oral in die wêreld verbied enige ooreenkomste tussen mededingers wat mededinging kan benadeel. Onafhanklikheid is die sleutel tot nakoming. Colgate moet in sy onderskeie sakebedrywighede onafhanklik optree:

- Prysvasstelling
- Afslag of promosies
- Koop- en verkoopvoorwaardes
- Keuse van klante, verspreiders of verskaffers
- Keuse van produk om te vervaardig en hoeveel om te verkoop

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n onwettige ooreenkoms nie 'n formele dokument te wees of selfs op skrif hoef te wees nie. Dit kan 'n verbale ooreenkoms wees, of afgelei word uit 'n sakerigting wat ingeslaan is of uit lighartige opmerkings wat gemaak is. 'n Ooreenkoms hoef ook nie suksesvol in werking gestel te word om onwettig te wees nie.

Die onafhanklikheid van maatskappye kan geraak word, en 'n onwettige ooreenkoms kan afgelei word wanneer mededingers vertroulike of onbekende inligting oor toekomstige sakeplanne deel of ontvang (bv. 'n beplande prysstyging, kostes van verskaffers, nuwe produk-bekendstellings, ens.). Dit is veral belangrik om dit tydens opnames en vergaderings van 'n handelsvereniging in gedagte te hou. Die algemene reël is dat u goedkeuring van die wêreldwye regsorganisasie moet verkry voordat u aan enige vergadering deelneem waar 'n mededinger dalk teenwoordig sal wees. U moet nooit vertroulike maatskappy-inligting met mededingers deel nie. U moet onmiddellik die wêreldwye regsorganisasie in kennis stel indien u inligting oor 'n mededinger ontvang wat u dink dalk vertroulik is. U moet nie hierdie inligting gebruik of deel voordat u eers regsgoedkeuring ontvang het nie.

Mededingingswette beskerm maatskappye ook teen roofsugtige of onbillike optrede deur dominante maatskappye om te verseker die mededinging-speelveld is vir almal toeganklik en regverdig. Iets wat wettig geag word indien dit deur niedominante maatskappye gedoen word, kan dalk as onwettig beskou word as dit deur dominante rolspelers gedoen word. In lande waar Colgate 'n baie groot markaandeel het, moet u met u plaaslike regsverteenvoorder kontroleer dat sekere beplande aksies (bv. 'n spesifieke afslagbeleid of weiering om te verkoop) nie as die misbruik van 'n dominante posisie beskou sal word nie.

Mededingingswette stel ook sekere perke aan verhoudings tussen verskaffers en hul klante en verspreiders. Enige poging om klante of verspreiders die vryheid te ontsê deur pryse vas te stel, bepalinge en voorwaardes van kooptransaksies te bepaal of om perke te plaas op hul reg om onafhanklik sake te doen, is in die meeste lande 'n oortreding van mededingingswette. Dit is belangrik om teenoor ons klante te benadruk dat ons "aanbevole kleinhandel- (of herverkoop) pryse" inderdaad slegs aanbevole is. Dit staan klante altyd vry om te verkoop teen watter prys hulle ook al wil.

Die gevolge van oortreding van mededingingswette is geweldig verreikend en kan lei tot groot boetes vir die maatskappy en strawwe (waaronder tronkstraf) vir die betrokke individue. Selfs ondersoek na potensieel antimededingende optrede kan betekenisvolle skade aan ons reputasie aanrig en sakebedrywighede in die wiele ry.

U moet die wêreldwye regsorganisasie raadpleeg indien u te eniger tyd twyfel of optrede wat u oorweeg 'n kwessie kragtens mededingingswette kan word.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Internasionale mededinging](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 6 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

VRAAG:

'n Sakekontak het onlangs vir my vertel van 'n byeenkoms wat deur een van ons direkte mededingers by 'n tandheelkundige konferensie gehou is. Ek wil graag hul byeenkoms bywoon, maar ek is bang hulle laat my nie in as hulle weet ek is van 'n mededingende maatskappy nie. Kan ek dit bywoon, mits ek my identiteit verswyg?

ANTWOORD:

Nee. Dit is nooit gepas om u identiteit te verswyg ten einde inligting oor 'n mededinger te kry nie. U moet ook die wêreldwye regsorganisasie raadpleeg voordat u enige byeenkoms saam met 'n mededinger bywoon, aangesien sulke byeenkomste kwelpunte oor mededingingswette kan laat ontstaan.

ONS KOM WETGEWING OOR SEKURITEITE NA

Af en toe kan u dalk toegang hê tot inligting oor Colgate, of oor ander maatskappye op die aandelebeurs met wie Colgate sake doen, wat nie aan die publiek bekend is nie ("nie-openbare inligting") – byvoorbeeld finansiële of bedryfsyfers, moontlike samesmeltings of verkrygings, disinvesterings of finansierings, bemarkingsplanne of nuwe produk-bekendstellings.

Inligting word gereken as "nie-openbaar" totdat dit behoorlik aan die publiek bekend gemaak is, d.w.s. die inligting is wyd versprei en genoeg tyd het verloop vir die sekuriteitemarkte om op die inligting te reageer. Indien hierdie nie-openbare inligting as "weselik" beskou kan word – m.a.w. inligting wat oordeelkundige beleggers in ag sal neem wanneer hulle 'n beleggingsbesluit neem – moet u voldoen aan die volgende sekuriteitewette en maatskappybeleid:

- U moet nie vir u eie gewin of vir iemand anders se gewin aandele, effekte of ander sekuriteite van die maatskappy (Colgate of 'n ander) verhandel waarop die weselike nie-openbare inligting betrekking het nie;
- U moet nie ander mense aanmoedig of oorhaal om op grond van sulke nie-openbare inligting aandele, effekte of ander sekuriteite van sodanige maatskappye te verhandel nie;
- U moet nie sulke nie-openbare inligting aan mense buite Colgate bekend maak nie; en
- U moet nie sulke nie-openbare inligting met mense binne Colgate bespreek nie, tensy hulle nodig het om daarvan kennis te dra.

Met ander woorde, u mag nie enige nie-openbare inligting aanwend wat u deur u werk by Colgate bekom om uself of ander deur enige sekuriteite- of beleggingstransaksie te verryk nie.

Indien u deur u werk by Colgate op enige nie-openbare inligting afkom, moet u moeite doen om daardie inligting vertroulik te hou en u mag nie enige handelstransaksies uitvoer met sekuriteite van Colgate of van enige ander maatskappye wat geraak word (of enigiemand adviseer om enige handelstransaksies uit te voer nie) totdat 'n redelike tydperk verloop het nadat die inligting aan die publiek bekend gemaak is nie. Só 'n verbod geld ook vir die uitoefening van aandele-opsies en enige besluite oor belegging in of afstanddoening van Colgate-aandele in die maatskappy se voordeleplanne.

Indien u Colgate verlaat, het u steeds 'n plig om die vertroulikheid van sodanige nie-openbare inligting te handhaaf, totdat daardie inligting genoegsaam aan die publiek bekend gemaak is.

Indien u twyfel of inligting "weselik" is of genoegsaam aan die publiek bekend gemaak is, moet u met die wêreldwye regsorganisasie in verbinding tree en uself daarvan weerhou om die betrokke sekuriteite te verhandel of om die inligting bekend te maak, totdat u regsgoedkeuring ontvang het.

VRAAG:

Ek besef dat ek nie maatskappy-aandele kan koop of verkoop op grond van binnehandel-inligting nie, maar kan ek 'n familielid of vriend aanraai om dit te doen?

ANTWOORD:

Nee. U sal wette op binnehandel oortree as u dit doen, presies asof u self die aandele koop. Daarby kan die persoon vir wie u aangeraai het ook die wet oortree indien hulle weet dat u inligting op binnehandel-inligting gebaseer is.

ONS KOM WETGEWING TEEN OMKOPERY NA

Colgate se verbintenis om wettig en eties met regerings om te gaan, geld wêreldwyd. Maatskappybeleid, sowel as die VSA-wet op korrupte praktyke in die buiteland ("FCPA") en soortgelyke anti-omkoopwetgewing oor die hele wêreld, verbied ons mense of enigiemand wat namens ons in verband met ons sakebedrywighede optree om enigiets van waarde direk of indirek aan enige regeringsamptenaar te gee of aan te bied met die oog daarop om enige saketransaksie te beïnvloed of enige regeringsoptrede of -besluit te beïnvloed.

Maatskappybeleid en sekere toepaslike wetgewing verbied ook die gee van enige aanhelp- of smeergeld-betalings aan regeringsamptenare, hetsy direk of indirek, om enige amptelike diens of funksie te bespoedig (soos om klein betalings aan 'n amptenaar te maak om Colgate se aansoek tot voor in die tou te verskuif of die tydperk te verkort waarin dienste of ander optredes gelewer word). Enige amptelike fooie wat deur ontvangsbewyse ondersteun word wat deur 'n regeringsinstansie uitgereik is, kwalifiseer nie as onvanpaste betalings nie.

Om te verseker dat u nie hierdie standaard oortree nie, hetsy direk of deur 'n derde party, is dit die maatskappy se beleid dat geen betalings, vermaak, reis, geskenke of ander waardevolle items aan regeringsbeamptes verskaf of aangebied word, ongeag die geldwaarde, met die uitsondering van fooie met 'n wetlike mandaat en ondersteun deur 'n amptelike ontvangsbewys (bv. permit- of lisensiefooie), tensy dit vooraf skriftelik deur die wêreldwye regsorganisasie goedgekeur is nie.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se wêreldwye beleid oor uitgawes wat verband hou met regeringsamptenare en regerings, en die verwante goedkeuringsvorm te raadpleeg.

Dit is belangrik om te weet dat die term "regeringsamptenare" wyd gedefinieer word en individue insluit wat in die diens is van enige openbare of staatsgeaffilieerde instelling of organisasie, of wat op enige wyse in 'n amptelike hoedanigheid optree, hetsy voltyds, deelyds of onbetaald. Regeringsamptenare werk op elke vlak van die regering en die openbare lewe en kan enigeeen insluit, van laevlak-doeanewerknemers tot hooggeplaaste wetgewers, sowel as professore en onderwysers, tandartse, veeartse of ander beroepslui en sleutelgedagteleiers en werknemers van staatsbeheerde mediamkanale. Indien u twyfel of 'n individu as 'n regeringsamptenaar beskou kan word, moet u met die wêreldwye regsorganisasie in verbinding tree.

Wees altyd direk en eerlik in u omgang en kommunikasie met regeringsamptenare. Enige bewustelike of opsetlik verkeerde stellings teenoor regeringsamptenare (mondeling of skriftelik) kan die maatskappy aan aansienlike strawwe blootstel.

Sekere wette oor stemwerwing kan dalk vereis dat die maatskappy en/of sy mense of derde partye as 'n stemwerwer registreer indien 'n Colgate-persoon of -agent met 'n regeringsamptenaar kommunikeer met die doel om wetgewing of sekere ander amptelike handeling te beïnvloed. U moet die wêreldwye regsorganisasie kontak indien u by enige sodanige handeling betrokke is of beplan om te wees sodat die betrokke vereistes en die volgende stappe bepaal kan word.

VRAAG:

Ek verstaan dat daar wette is wat die omkoop van regeringsamptenare verbied. Maar verbied die wet ook die omkoop van mense wat nie regeringsamptenare is nie?

ANTWOORD:

Ja. Daar is omkoperywette wat omkoperie tussen privaat handelsmaatskappye, m.a.w. kommersiële omkoperie, verbied. Hierdie wette is net so belangrik – en streng afgedwing – as dié wat omkoperie van regeringsamptenare en -werknemers verbied. Hou altyd in gedagte dat maatskappybeleid en plaaslike wetgewing die omkoperie van enigiemand in die uitvoering van maatskappysake verbied, ongeag of dit 'n regeringsamptenaar of 'n privaat persoon is.

Behalwe vir die verbod op die omkoperie van regeringsamptenare, verbied maatskappybeleid en toepaslike wetgewing ook die omkoperie van private partye. U moet nie probeer om enige eksterne party met wie u moontlik maatskappysake doen se oordeel of gedrag deur beloftes, geskenke of ander voordele, of deur enige ander onwettige aansporing te beïnvloed nie.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Sakeverhoudings met regeringsinstansies](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 10 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS KOM INTERNASIONALE HANDELSREGULASIES NA

Die maatskappy voldoen aan alle toepaslike wette wat internasionale handel reël en moet ook voldoen aan die betrokke VSA-handelsregulasies, waar ons ook al in die wêreld sake doen.

Wetgewing oor handelsanksies reguleer invoere en uitvoere en kan ook die maatskappy verbied om sake met sekere lande of sekere individue of instellings te doen. Voordat enige derde party (verkoper, klant, ens.) betrek word, moet daardie derde party teenoor twee lyste “ingeperkte partye” nagegaan word wat deur die VSA-regering in stand gehou word om te verseker dat dit die maatskappy vry staan om met die transaksie voort te gaan.

Die maatskappy word verbied om aan buitelandse boikotte deel te neem wat nie deur die VSA onderskryf word nie en dit moet onmiddellik enige versoeke rapporteer wat met sulke boikotte verband hou. Enige sodanige versoeke moet onmiddellik aan die wêreldwye regsorganisasie gerapporteer word sodat toepaslik opgetree kan word.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Internasionale sakebedrywighede](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 9 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS KOM WETGEWING OOR DATAPRIVAATHEID EN DATABESKERMING NA

Colgate respekteer die reg op privaatheid van ons werknemers, verbruikers, kliente en verskaffers en ander derde partye met wie Colgate 'n sakeverhouding het. Ons hanteer persoonlike data dus op 'n verantwoordelike manier en in ooreenstemming met alle toepaslike wetgewing wat oor dataprivaatheid en databeskerming handel.

Werknemers kan moontlik as deel van hul indiensneming deur Colgate sekere persoonlike inligting soos woon- en e-posadres, familie-inligting met die oog op voordele en ander persoonlike inligting aan die maatskappy voorsien.

Net so kan ons verbruikers moontlik persoonlike inligting soos name, straatadres en e-posadres aan die maatskappy voorsien deur die rig van versoeke vir produkinligting of deelname aan kompetisies wat deur die maatskappy geborg word.

In die loop van sakeverhoudings met Colgate kan klante, verskaffers en ander derde partye moontlik persoonlike inligting soos name, telefoonnommers, faksnommers, straatadresse, e-posadresse en kredietkaartinligting aan die maatskappy voorsien.

Met betrekking tot al hierdie inligting is Colgate se beleid die volgende:

- Om persoonlike data slegs om die rede waarom dit aan ons verskaf is, in te samel, te verwerk, te gebruik en te behou, tensy ons toestemming vir ander gebruike verkry het, asook soos noodsaaklik vir ons rekordhoudoeleindes;
- Om alle redelike stappe te doen om persoonlike data te beveilig om ongemagtigde openbaarmaking of gebruik te voorkom;
- Om nie persoonlike data met derde partye te deel nie, behalwe met ons diensverskaffers wat ons bystaan in die bestuur van ons onderneming en dan slegs indien daardie party ingestem het om aan ons privaatheidstandaarde en alle toepaslike privaatheidswetgewing te voldoen;
- Om aan alle toepaslike privaatheidswetgewing te voldoen.

Wette oor dataprivaatheid en databeskerming word voortdurend ontwikkel en gewysig. Ons is daartoe verbind om ontwikkelende wetgewing oor dataprivaatheid en databeskerming te monitor en kan moontlik, van tyd tot tyd, spesifieke beleidsrigtings in reaksie daarop opstel.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor [Dataprivaatheid en databeskerming](#) te raadpleeg wat in Hoofstuk 11 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS KOM WETGEWING OOR DIE BEHOUD VAN REKORDS NA

Wetgewing oor die hele wêreld vereis dat Colgate sekere tipes rekords vir 'n spesifieke tydperk in stand hou (waaronder fisiese dokumente en elektroniese data). Versuim om aan hierdie vereistes te voldoen kan die maatskappy aan aansienlike boetes en ander strawwe blootstel. Colgate is tot 'n program van rekordbestuur verbind wat aan alle toepaslike wetlike en regulatoriese vereistes voldoen, die behoeftes tot inligtingsbehoud van ons onderneming bevredig en verseker dat met verouderde of onnodige rekords en ander dokumente op 'n gepaste manier weggedoen word.

Daar word van u verwag om tydens enige regsgeging, ondersoek of ander verrigting relevante en noodsaaklike inligting bekend te maak soos wat wetgewing vereis. Dit word van u verwag om die wêreldwye regsorganisasie in kennis te stel, in soverre wetgewing dit toelaat, wanneer u 'n lasbrief, hofbevel of ander regsgegingvoering ontvang wat die bekendmaak van maatskappy-inligting of -dokumente vereis.

In so 'n geval moet u alle instruksies volg wat deur die wêreldwye regsorganisasie uitgereik word en alle rekords behou waarmee op die lasbrief, gedingvoering of ondersoek gereageer kan word, ongeag die vereistes van die rekordhouprogram. U mag nie sodanige rekords vernietig of wysig nie, aangesien die onvanpaste vernietiging van rekords ernstige gevolge kan hê – waaronder siviele en/of kriminele strawwe en indiensnemingsgevolge vir sowel u persoonlik as die maatskappy.

Indien u wonder of 'n verslag verband hou met 'n ondersoek, gedingvoering of 'n lasbrief, kontak die wêreldwye regsorganisasie voordat u van die betrokke dokument ontslae raak. Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die "[Beleid oor die program van rekordbestuur](#)" te raadpleeg.

VRAAG:

Hoe bepaal ek hoe lank ek maatskappyrekords moet hou en wanneer ek dit kan wegmaak?

ANTWOORD:

Raadpleeg asseblief die maatskappy se intranetwerf vir rekordbestuur by [OurColgate.com](#) > C-P Sites > The Global Legal Organization and Regulatory (wêreldwye regsorganisasie en regulering) > Records Management Program (rekordbestuur-program), of tree in verbinding met u plaaslike rekordskoördineerder (waar van toepassing).

ONS MAAK NIE POLITIEKE BYDRAES NIE

Geen maatskappyfondse of -bates mag gebruik word vir bydraes aan enige politieke party of kandidaat in enige land en op enige regeringsvlak nie. 'n Politieke bydrae sluit sowel direkte (geldelik) as niegeldelike bydraes in. Onder niegeldelike bydraes tel die aankoop van fondsinsamelingskaartjies, produkbydraes, vrywilligerwerk deur Colgate-mense binne normale werkure en die gebruik van Colgate-geriewe vir fondsinsameling- of politieke doeleindes. Kontak asseblief die wêreldwye regsorganisasie indien u 'n vraag het oor 'n moontlike politieke bydrae.

Die maatskappy word verbied om enige Colgate-persoon of individu wat met die maatskappy geassosieer word (stemwerwers van buite of ander derde partye inkluis) direk of indirek in enige vorm vir politieke bydraes te vergoed.

Dit staan individuele Colgate-mense vry om persoonlike bydraes te maak vir die kandidate of partye van hul keuse. 'n Persoonlike bydrae is die verantwoordelikheid en las van die individu en moet nooit gemaak word met die doel om Colgate of een van sy filiaalmaatskappye op enige manier by te staan nie.

Net soos die meeste internasionale maatskappye behoort Colgate aan 'n paar handels- en bedryfsverenigings en betaal jaarliks lidmaatskapfooie aan hulle. Om te verseker dat hierdie handelsverenigings nie enige deel van Colgate se lidmaatskapfooie as politieke bydraes aanwend nie, stuur Colgate se hoofbeampte oor etiek en nakoming jaarliks 'n herinnering van ons beleid aan alle VSA-handelsverenigings waarvan Colgate 'n opbetaalde lid is. Dit vereis van alle handelsverenigings wat 'n drempelbedrag uit Colgate se fondse ontvang om aan 'n jaarlikse sertifikasieproses deel te neem. Om meer hieroor te wete te kom, raadpleeg asseblief ons [Beleid oor politieke bydraes](#) wat in die afdeling "Ons maatskappy" van die webwerf [colgatepalmolive.com](#) gevind kan word.

ONS VERHOUDING MET DIE GEMEENSAP



Die maatskappy streef daarna om 'n bydraende lid van die wêreldgemeenskap te wees.

By Colgate wend ons ons kundigheid op die gebied van mondhigiëne, persoonlike sorg, tuissorg en troeteldiervoeding aan om gesondheid en welstand in gemeenskappe oor die hele wêreld te bevorder en om welsynsorganisasies met soortgelyke doelwitte te ondersteun. Ons is burgers van elke plek waar ons sake doen en ons raak betrokke by belangrike gesondheidskwessies, waaronder gebrek aan beskikbare, skoon water, toegang tot mondsorg en die verspreiding van voorkombare siektes.

ONS NEEM DEEL AAN PLAASLIKE SKENKINGS EN VRYWILLIGERWERK

Ons doel oral in die wêreld is om deel te neem aan projekte om die ontwikkeling en welstand van die plaaslike gemeenskap te bevorder. Sulke projekte sluit deelname aan liefdadigheids pogings in, asook die aanvaarding van verantwoordelikheid vir hulp aan armes, beseerdes en dakloses tydens nasionale rampe. Ons hooffokus is op jong mense, veral die onderwys van jong mense. Colgate glo dat vandag se beleggings in ons kinders in die toekoms tot ons almal se voordeel sal strek. Dit is hoekom die maatskappy oral in die wêreld leesprogramme, mentorskap-inisiatiewe, sportkompetisies en ander jeugaktiwiteite borg. Hierdie pogings kweek 'n gees van mededinging en prestasie in die jeug.

Die maatskappy moedig sy mense ook aan om in hul vrye tyd deel te neem aan plaaslike liefdadigheidsaktiwiteite waarvan hulle hou.

Ons Helder Glimlag, Helder Toekoms-program stel Colgate in staat om 'n betekenisvolle bydrae te maak in die gemeenskappe waar ons woon en werk.

VRAAG:

Mag ek van my tyd vrywillig afstaan om werk vir 'n plaaslike politieke veldtog te doen?

ANTWOORD:

Ja. Dit is egter belangrik dat u politieke aktiwiteite weg van die werkplek moet wees. Die maatskappy maak nie politieke bydraes nie en geen hulpbronne wat deur die maatskappy verskaf word (waaronder werkure of die maatskappy se naam), mag in hierdie persoonlike aktiwiteite aangewend word nie.

ONS WERK SAAM MET REGERINGS AAN KWESSIES WAT ONS BESIGHEID RAAK

Ons maatskappy doen sake in meer as 200 lande en grondgebiede. Ons beleid is om saam met plaaslike en nasionale regerings te werk. Daar kan van tyd tot tyd kwessies ontstaan wat ons bedrywighede raak. Die maatskappy kan, ná deeglike oorweging, bied menings en aanbevelings oor spesifieke kwessies aan regerings om ons sakedoelwitte en -behoefte te ondersteun. Dit moet egter nooit gebeur sonder om eers u bestuurder en die wêreldwye regsorganisasie te raadpleeg nie.

ONS STAAN UITBUITENDE, ONMENSLIKE ARBEIDSPRAKTYKE TEË

Colgate staan die onwettige aanwending van kinderarbeid, die uitbuiting van mense en alle ander vorme van onaanvaarbare hantering van werkers teë. Verder verbied Colgate se beleid samewerking met enige verskaffer of kontrakteur wat bekend is vir onmenslike arbeidspraktyke, waaronder uitbuiting, lyfstraf, mishandeling, dwangarbeid of ander vorme van mishandeling. Colgate kondoneer nie die oortreding van ander arbeidswetgewing nie, en indien enige oortreding onder die aandag van die maatskappy kom, kan dit as gronde vir die beëindiging van die sakeverhouding beskou word.

ONS TOON ONS VERBINTENIS TOT UNIVERSELE MENSEREGTE

Colgate het 'n lang verbintenis tot respek vir menseregte en arbeidsregte oor die hele wêreld, en steun die Verenigde Nasies se universele verklaring oor menseregte. Colgate was ook 'n stigterslid van die wêreldwye Sullivan-beginsels. Daarom handhaaf Colgate die volgende standaarde, en streef daarna om saam met sakevennote te werk wat dieselfde doen:

- gelyke geleenthede vir alle werknemers op alle vlakke, ongeag ras, kleur, geloof, geslag, geslagsidentiteit, nasionale herkoms, etnisiteit, ouderdom, seksuele oriëntasie, gestremdheid, huwelikstatus, oudsoldaatstatus of enige ander kenmerk wat deur wetgewing beskerm word;
- 'n veilige, gesonde werkplek wat welstand bevorder en die omgewing beskerm;
- lone wat werknemers in staat stel om ten minste hul basiese behoeftes te dek en geleenthede vir werknemers om hul vaardighede en vermoëns te verbeter; en
- die agting van werknemers se wetlike vryheid van assosiasie en die erkenning van alle wettige regte om te organiseer en gesamentlik te beding.

ONS VERHOUDING MET DIE OMGEWING

Colgate heg nie net waarde aan 'n skoner, gesonder omgewing omdat dit die regte ding is om te doen nie, maar ook omdat dit sakegewys sin maak. Ons is daartoe verbind om ons deel te doen om die aarde se beperkte hulpbronne te help bewaar en om ons planeet se welstand vir toekomstige geslagte in stand te hou.

ONS IS VERBIND TOT VOLHOUBAARHEID EN MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

By Colgate rig ons dieselfde skerp fokus op volhoubaarheid as wat ons op elke aspek van ons sakebedrywighede toepas. Colgate het nog altyd die beginsels van volhoubaarheid ondersteun, en ons kernwaardes – omgee, wêreldwye spanwerk en deurlopende verbetering – rig ons pogings tot volhoubaarheid. Ons fokus is steeds op mense, prestasie en planeet.

Verder is ons daartoe verbind om ons wêreldwye volhoubaarheidsdoelwit te bereik, naamlik om te verseker dat Colgate se besigheid konsekwent en op 'n verantwoordelike manier groei, sodat die mense wat ons dien – onder wie ons werknemers, ons aandeelhouders, ons verbruikers, ons klante en ander belanghebbendes wêreldwyd – voordeel sal trek en dat die welstand van toekomstige geslagte terselfdertyd bevorder sal word.

Die afgelope paar jaar het ons verbintenis tot volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid gegroei namate ons hierdie inisiatiewe in ons sakebedrywighede geïntegreer het. Hierdie geïntegreerde benadering het ons inisiatiewe vir volhoubaarheid en maatskaplike verantwoordelikheid en ons sakeprestasie versterk, wat ons help om die beste talent te werf en te behou, wat op sy beurt meewerk om verhoudings met ons belanghebbendes te verbeter, en nuwe geleenthede vir innovasie te bied. Die belangrikste uitvloeisel van hierdie verbintenis is waarskynlik dat dit Colgate-mense oral in die wêreld aanvuur en betrek.

Vir bykomende inligting oor die maatskappy se volhoubaarheidsprogram en ander inisiatiewe, raadpleeg asseblief die afdeling oor "[Volhoubaarheid: Ons gee die wêreld redes om te glimlag](#)" op [colgatepalmolive.com](#).

ONS BEWAAK EN BESKERM DIE OMGEWING

Die maatskappy is daartoe verbind om ons deel te doen om die aarde se beperkte hulpbronne te help red en bewaar. Ons planeetgerigte verbintenisse strek oor ons energieverbruik, koolstofemissies, waterverbruik en afvalverwydering. Elkeen van ons moet derhalwe die letter en die gees van toepaslike omgewingswette en regulasies en die publieke beleidsrigtings wat hulle verteenwoordig, nakom.

Ons staan oop kommunikasie met die publiek voor en handhaaf 'n aktiewe, produktiewe vennootskap met die gemeenskappe waar ons sake doen. Ons sal voortgaan om inligting oor ons omgewingstrategie en -programme met verbruikers te deel en om saam te werk met gemeenskapsleiers en ander wat ons verbintenis deel.

Ons volgehoue strategie om ons omgewingsafdruk te verklein sal 'n integrale deel bly van hoe ons ons produkte vervaardig, verpak, versprei en bemark.

Colgate-mense kan bykomende inligting verkry deur die maatskappy se riglyne oor "[Beleidsverklaring oor omgewings- en beroepsgesondheid en -veiligheid](#)" te raadpleeg wat in Hoofstuk 18 van die maatskappy se riglyne oor sakepraktyke op [ourcolgate.com](#) beskikbaar is.

ONS VERHOUDING MET AANDEELHOUERS



Ons streef daarna om die belange van ons aandeelhouders te dien en om aandeelhouerwaarde te help bou.

ONS HANDHAAF GOEIE KORPORATIEWE BESTUURSGEDRAG OM AANDEELHOUERWAARDE TE BESKERM

Die maatskappy se beleidsrigtings en -programme oor korporatiewe bestuursgedrag, waarvan hierdie gedragskode 'n sleutelelement is, dien as 'n belangrike veiligheidsmeganisme vir aandeelhouders. Die VSA Kongres, die Sekuriteite-en-beurskommissie (SEC), die New York Aandelebeurs en ander reguleerders en owerhede wêreldwyd het die afgelope paar jaar baie wigte en teenwigte deurgevoer ten einde die etiese korporatiewe gedrag te bevorder wat al jare lank standaardpraktyk by Colgate is. 'n Onafhanklike direksie, wat bestaan uit 'n wesenlike meerderheid onafhanklike direkteure en onafhanklike komitees wat toesig hou oor audit-, vergoeding- en bestuursgedragsake, dien ons aandeelhouders goed. Komiteehandveste en bestuursgedragriglyne wat gereeld bygewerk word, omskryf die direkteure se rolle en verantwoordelikhede en die maatskappy se korporatiewe bestuursgedragbeginsels baie duidelik.

Vir bykomende inligting oor die maatskappy se korporatiewe bestuursgedragprogram, raadpleeg asseblief die "[Riglyne van die direksie oor beduidende kwessies in korporatiewe bestuursgedrag](#)" en die handveste van die maatskappy se auditkomitee, die nominasie- en korporatiewebestuursgedrag-komitee, die personeel- en organisasiekomitee en die finansieringskomitee, wat alles op colgatepalmolive.com beskikbaar is.

ONS HANDHAAF STRENG OUDITPROGRAMME OM BELEGGERSVERTROUW TE VERHOOG

Die maatskappy is verbind tot die gehalte, integriteit en deursigtigheid van sy finansiële verslae. Hierdie verbintenis word weerspieël in die maatskappy se ou, beproefde beleidsrigtings en prosedures, insluitende 'n interne auditgroep wat finansiële beheermaatreëls wêreldwyd monitor, onafhanklike ouditeure met 'n breë mandaat en 'n onafhanklike auditkomitee wat toesig hou oor hierdie areas. Ons verwag van Colgate-mense om oop en eerlike kommunikasie en 'n vrye vloei van inligting met die interne en eksterne ouditeure en die auditkomitee te handhaaf ten einde die doeltreffendheid van hierdie hulpbronne te optimaliseer.

Vir bykomende inligting oor die belangrike rol van die maatskappy se interne ouditeure, onafhanklike ouditeure en die auditkomitee, raadpleeg asseblief die "[Ouditkomitee-handves](#)" wat op colgatepalmolive.com beskikbaar is.

ONS HOU AANDEELHOUERS INGELIG OOR DIE MAATSKAPPY SE VORDERING

Aandeelhouders word elke jaar uitgenooi na die maatskappy se jaarvergadering, waar die maatskappy se vordering die afgelope jaar in oënskou geneem word en waar aandeelhouders die geleentheid kry om vrae aan die maatskappy se senior bestuurslede te rig. In die maande tussenin kan aandeelhouders die maatskappy se webwerf by colgatepalmolive.com besoek.

ONS VERANTWOORDELIKHEID VIR NAKOMING



Dit is nie voldoende om 'n geskrewe gedragskode te hê nie – die handhawing van gedragstandaarde is die verantwoordelikheid van alle Colgate-mense en ons persoonlike optrede moet hierdie verbintenis tot hoë etiese standaarde weerspieël.

KOMMUNIKASIE EN OPENBAARMAKING IS NOODSAAKLIK

Wanneer ons diens aanvaar by Colgate, word elkeen van ons verantwoordelik vir die nakoming van hierdie gedragstandaarde, asook alle wette en regulasies en die meer gedetailleerde riglyne wat vervat is in die sakepraktykrylyne en in die ander beleidstukke, prosedures en riglyne wat deur ons maatskappy, sy filiaalmaatskappye, bedryfseenhede en divisies opgestel word. Bestuurders is verantwoordelik om hierdie standaarde oor te dra aan diegene saam met wie hulle werk, om seker te maak dat hulle dit verstaan en daarby hou, en om 'n klimaat te skep waarin mense etiese en wetlike kwessies vrymoedig kan bespreek.

ONS HET INTERNE HULPBRONNE OM TE HELP INDIEN U LEIDING NODIG HET

Die gedragskode kan nie klinkklare antwoorde op alle vrae verskaf nie. Duidelikheid hieroor hang op die ou end af van elke persoon se begrip van wat nodig is om aan die maatskappy se hoë standaarde te voldoen, waaronder 'n begrip van wanneer dit goed is om leiding oor die regte pad vorentoe te soek. Soek asseblief leiding soos hier onder beskryf indien u vrae het oor enige deel van die inhoud van die gedragskode of indien u in 'n bepaalde situasie onseker is oor die beste plan van aksie.

WAARHEEN MOET EK GAAN INDIEN EK HULP NODIG HET?



WERKNEMER



REGSAFDELING

Kontak 'n lid van die wêreldwye regsorganisasie vir enige vrae oor nakoming of om advies of bystand te bekom met die interpretasie van wette, regulasies of maatskappybeleid, waaronder die gedragskode en riglyne oor sakepraktyke.



WÊRELDWYE AFDELING VIR ETIEK EN NAKOMING

U word aangemoedig om die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming via die EthicsLine te kontak om vrae te vra, leiding te verkry oor hoe die gedragskode in 'n spesifieke situasie van toepassing is of om oor 'n potensiële oortreding "uit te praat".



MENSEHULPBRONNE

U plaaslike mensehulpbron-beampte is nog 'n waardevolle hulpbron vir advies en raadgewing oor etiese dilemmas.



U BESTUURDER

Praat met u bestuurder of 'n lid van u organisasie se leierskapspan om etiese kwellings of vrae te bespreek. Hulle sal u na die gepaste persone verwys indien hulle u nie kan help nie. U kan ook na die mensehulpbron-afdeling of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming gaan indien u nie gemaklik voel om met u bestuurder te praat nie.

VRAAG:

Wat moet ek as bestuurder doen indien een van my spanlede "uitpraat" en 'n kweiling opper?

ANTWOORD:

Daar word van u as leier verwag om ander aan te moedig om openlik en eerlik te praat en kwessies te opper, selfs sensitiewes. U moet objektief, oop en ontvanklik wees wanneer 'n spanlid 'n kweiling opper of u hulp vra. Bedank die spanlid daarvoor dat hy of sy hul verbintenis tot die maatskappy se etiese standarde getoon het. Al is u dalk nie in staat om die spanlid 'n onmiddellike antwoord te gee nie, is dit 'n geleentheid om ander hulpbronne aan te wend soos die mensehulpbron-afdeling, die wêreldwye regsorganisasie of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming om u daarin by te staan om die spanlid gepaste leiding te gee.

ONS "PRAAT UIT" OM KWELLINGS AAN DIE TOEPASLIKE HULPBRONNE TE RAPPOORTEER

Indien u weet van 'n oortreding van die gedragskode, van die riglyne oor sakepraktyke of ander maatskappybeleidstukke, of rede het om dit te vermoed, word dit van u verwag om daardie inligting onmiddellik aan u bestuurder, die mensehulpbron-afdeling of die wêreldwye regsorganisasie te rapporteer. So nie kan u sonder vrees vir vergelding vrymoedigheid neem om hoër bestuursvlakke te nader.

HOE KAN EK SEKER WEES DAT GEEN NEGATIEWE OPTREDE OP MY GERIG SAL WORD NIE?

U kan die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming deur Colgate-Palmolive se EthicsLine kontak.

Alle inligting wat deur die EthicsLine verskaf word, word nagegaan, en indien dit op die gedragskode betrekking het, word dit dadelik en deeglik deur die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming en/of die wêreldwye regsorganisasie ondersoek. Dit is gebiedend noodsaaklik dat persone wat sake rapporteer nie hul eie ondersoeke probeer doen nie, aangesien komplekse regskwessies betrokke kan wees. As u op u eie optree, kan u die geldigheid van 'n ondersoek op die spel plaas en uself en Colgate negatief beïnvloed.

Waar plaaslike wetgewing dit toelaat, kan iets anoniem aangegee word. Ons moedig u egter aan om uself te identifiseer wanneer u skakel ten einde ondersoek- en opvolgwerk te vergemaklik. Sekere lande het wette wat die tipe inligting wat u kan bekend maak, beperk. Indien hierdie wetgewing op u situasie van toepassing is, sal 'n beampte van die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming u na iemand in u sake-eenheid verwys wat u met u vraag of kweiling kan bystaan.

Hou egter in gedagte dat indien u u wil identifiseer, sal die maatskappy alle gepaste stappe doen om 'n individu se identiteit en die inligting wat verskaf is vertroulik te hou. Dit sal slegs die inligting op moet-weet-grondslag bekend maak wanneer die bekendmaking:

- Onvermydelik is om 'n doeltreffende ondersoek te doen en gepaste stappe te doen, of
- Deur toepaslike wetgewing vereis word.

'n Verslag of klagte kan dalk persoonlike data bevat. Dit mag nodig wees, onderhewig aan plaaslike wetgewing, om persoonlike data wat in een land verkry is, oor te dra na 'n ander land – waaronder die VSA – om 'n oortreding of vermoedelike oortreding te ondersoek. In sulke gevalle kan maatskappy-werknemers en Colgate-entiteite wat aan die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming se werksaamhede deelneem, persoonlike data gebruik om die verslag te ondersoek, maar net so lank as wat redelikerwys nodig is om dit te doen (sodanige persoonlike data sal daarna vernietig word of behou word, afhangende bloot van wat maatskappybeleid of die wet vereis).

GEDRAGSKODE ETHICSLINE



ethics@colpal.com



(800) 778-6080
(tolvry uit die VSA,
Kanada en Puerto Rico)
+1 (212) 310-2330
(kollekteer vanuit alle ander
plekke)



Global Ethics & Compliance
Colgate-Palmolive Company
300 Park Ave, 5th Floor
New York, NY 10022



Webnutsmiddel



Faks
(212) 310-3745


VRAAG:

Ek het gehoor my stem maak 'n verskil, maar toe ek onlangs na my bestuurder gegaan het om oor 'n ernstige kwelling "uit te praat", het niks gebeur nie. Wat staan my nou te doen?


ANTWOORD:

Ons is almal daarvoor verantwoordelik om te verseker dat ons maatskappy 'n kultuur van integriteit en hoë etiese standaarde handhaaf. U het 'n aantal bykomende hulpbronne indien u dink daar is nie op 'n gepaste manier opgetree om iets aan u kwellinge te doen nie. Moet nie bang wees om die kwessie na 'n hoër vlak te neem nie en "praat" na die volgende bestuursvlak, die mensehulpbron-afdeling, die wêreldwye regsorganisasie of die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming (GE&C) nie. Die maatskappy waardeer u moeite om hierdie kwessie te opper.

WAT GEBEUR NADAT EK DIE ETHICSLINE GEKONTAK HET?



COLGATE SE ONDERSOEKPROSES



DISSIPLINÊRE STAPPE KAN GEDOEN WORD

Die maatskappy volg 'n "geen verdraagsaamheid"-beleid ten opsigte van enige gedrag wat die gedragskode of die riglyne oor sakepraktyke oortree. Dit beteken dat, sodra daar bevestig word dat 'n oortreding plaasgevind het, gepaste stappe gedoen sal word wat strook met die aard en omvang van die oortreding. Geen individu of bestuurder in die maatskappy het die magtiging om teenstrydig met hierdie gedragskode op te tree, of om sodanige optrede deur enige ander persoon te magtig, te koördineer, goed te keur of oor die hoof te sien nie. As sulks is dit die maatskappy se bedoeling om die voorkoms van gedrag wat nie met die gedragskode of met sakepraktykryglyne strook nie te voorkom, en om sulke gedrag wat wel voorkom, so vinnig as moontlik nadat dit ontdek is, kort te knip. Colgate-mense wat die gedragskode of sakepraktykryglyne oortree, stel hulself bloot aan dissiplinêre optrede, wat diensbeëindiging insluit, onderhewig aan plaaslike wetgewing.

DIE GEDRAGSKODE GELD VIR ALLE COLGATE-MENSE EN MAATSKAPPYBEDRYWIGHED

Die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming sal nakoming van die gedragskode en die riglyne oor sakepraktyke monitor. Die afdeling doen verslag aan die uitvoerende hoof/direksievoorsitter en die ouditkomiteevoorsitter van Colgate se direksie oor die vestiging, inwerkingstelling en toepassing van die gedragskode en verwante programme.

Inligting wat aan die wêreldwye afdeling vir etiek en nakoming oorgedra word of wat deur ander kanale kom, word – waar nodig – vertroulik aan die ouditkomitee oorgedra.

Die gedragskode geld vir almal wat vir die Colgate-Palmolive-maatskappy en sy filiaalmaatskappye werk, insluitende beamptes, en geld ook vir die maatskappydirekteure en -agente, in ooreenstemming met toepaslike wetgewing. Afskrifte van die gedragskode is aanlyn beskikbaar op sowel ons interne intranetwerf as ons eksterne webwerf, en moet aan alle derde partye voorsien word wat gemagtig is om namens die maatskappy op te tree. Colgate-mense oral in die wêreld toon hul verbintenis tot nakoming en die maatskappy se etiese standaarde deur op 'n jaarlikse grondslag deel te neem aan gedragskode-opleiding en -sertifisering.



COLGATE-PALMOLIVE COMPANY

300 Park Avenue
New York, NY 10022
212-310-2000
www.colgatepalmolive.com